Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2019

ÉcoleBooks

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

PUNTE: 60

TYD: 2 uur

9AFAL2

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye insluitend 'n antwoordblad.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: LEESBEGRIP	(30)
AFDELING B: OPSOMMING	(10)
AFDELING C: TAAL IN KONTEKS	(40 punte verwerk na 20)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees elke instruksie by AL die vrae noukeurig deur.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop tussen die antwoorde.

7. Gee veral aandag aan spelling en sinskontruksie.

8. Gebruik die AANHANGSEL op bladsy 16 om AFDELING B te beantwoord en kram dit aan jou ANTWOORDEBOEK.

9. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

ÉcoleBooks

10. Skryf netjies met blou of swart ink.

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

AFDELING A: LEESBEGRIP

TEKS A: INLIGTINGSTUK

Lees die inligting oor Port Elizabeth aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarna volg.

PORT ELIZABETH, SUID-AFRIKA

1 Port Elizabeth, ook bekend in die volksmond as 'Die Baai' of 'PE', is geleë aan Algoabaai in die Oos-Kaapprovinsie, Suid-Afrika. Mense praat ook van die 'vriendelike' of 'winderige' stad.

2 Die stad is 'n gewilde toerismebestemming. Die stad se warm, subtropiese klimaat, polsende naglewe en lang wit strande gee vir besoekers en inwoners 'n permanente vakansiegevoel.

3 Die hoofbesienswaardigheid is die stad se strande. Kingstrand is waar jy kan gaan ontspan vir die dag. As jy lief is vir watersport en strandfeeste gaan jy na Hobiestrand. Die branderplankryers glo dat Pollockstrand die beste in die wêreld is en verliefde paartjies besoek Humewood- en Bloubergstrand.

4 As jy nie 'n strandmens is nie, bied die stad ook ander besienswaardighede wat besoek kan word. Port Elizabeth se hawe, middestad en waterfront is in 2010 vir die FIFA Sokker- Wêreldbekertoernooi herontwikkel. Daar was agt Wêreldbekerwedstryde tydens die toernooi in die Nelson Mandelabaai-stadion gespeel. Die Afrikanasiebeker van 2013 het ook van die stadion gebruik gemaak.

5 Die Port Elizabeth-lughawe staan bekend as die 'Tien-minute-lughawe'. Die rede daarvoor is dat 'n rit na die lughawe vanaf die middestad en die meeste voorstede, bv. die Boardwalk-sentrum minder as tien minute neem. Hierdie lughawe hanteer jaarliks meer as een miljoen passasiers en 800 ton vrag, wat blomme, bevrore kreef, vleis, volstruisvelle en geplukte sampioene insluit. Die lughawe is in 1929 deur Luitenant-kolonel Miller begin. Hy het 'n lugdiens tussen Port Elizabeth en Kaapstad vir sy lugposdiens benodig.

6 Nog interessante plekke om te besoek is die slangpark en oseanarium. Die dolfynswembad het op 12 Desember 1968 sy deure geopen, dieselfde dag wat die Baai se geliefde dolfyn, Dolly, gebore is. Dolly word steeds beskou as die oudste Bottelneus dolfyn wat in gevangenis gebore is. Sy het vir 36 jaar die toeriste met haar toertjies vermaak.

7 In 1942 is die eerste slangpark geopen. Dit was die eerste van sy soort in die wêreld. Die slangpark het mense van oraloor gelok en die demonstrasies deur slanghanteerders was baie gewild. Selfs die Britse koningsgesin het die park in 1947 besoek.

8 Vir die besoekers wat van die naglewe hou, is daar die Boardwalk-sentrum met al sy heerlike restaurante en die casino. Die filmteaters is ook daar. Die Victoriaanse boustyl van die sentrum is uniek in Suid-Afrika.

9 Port Elizabeth maak ook voorsiening vir die akademie: Die Nelson Mandela-universiteit is met trots vernoem na Suid-Afrika se eerste swart president. Vir dekades was dit die enigste tweetalige universiteit in die land.

Daar is dus iets vir elke toeris se belangstelling in Port Elizabeth.

[Verwerk en aangepas uit verskeie bronne www.lekkeslaap.co.za, Port Elizabeth, Wikipedia]

WOORDVERKLARINGS:

toerismebestemming	plek waarheen jy reis en veilig aangekom het
toerisme	rondreis vir plesier
subtropies	klimaat is tussen tropies en matig
besienswaardigheid	werd om goed te bekyk
voorstede	buitewyke van die stad
gevangenis	plek vir die aanhouding van persoon of dier tot 'n bepaalde tyd
oseanarium	'n park om soogdiere en visse te sien/ groot akwarium met seewater.

VRAE

ÉcoleBooks

1.1 Watter menslike karaktereienskap word aan Port Elizabeth toegeken?

Gee EEN woord uit paragraaf 1. (1)

1.2 Noem TWEE dinge in Port Elizabeth wat mense laat voel dat hulle met vakansie is. (2)

1.3 Kies uit KOLOM B die strand wat by die aktiwiteit in KOLOM A pas. Skryf die nommer en antwoord neer, byvoorbeeld 1.3.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Waar jy watersport kan geniet	A	Humewoodstrand
1.3.2	Kuier en braai met jou vriende	B	Hobiestrand
1.3.3	Stap met jou geliefde op valentynsdag	C	Pollockstrand
1.3.4	Luister na jou gunstelingsanggroep	D	Kingstrand

(4 x 1) (4)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

1.4 Watter TWEE belangrike sporttoernooie het in Port Elizabeth plaasgevind? (2)

1.5 Verduidelik wat met 'n plek gebeur as dit 'herontwikkel' word. (1)

1.6 Hoe laat sal jy by die lughawe arriveer as jy nog 08:20 by die Boardwalk-sentrum is? Motiveer jou antwoord deur na paragraaf 5 te verwys. (2)

1.7 Haal 'n frase uit paragraaf 5 aan wat bewys hoe gewild Port Elizabeth is. (1)

1.8 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en antwoord neer, byvoorbeeld 1.12. D.

Die enigste vars produkte wat die lughawe hanteer, is ...

A kreef, voltruisvelle.
B blomme, sampioene, vleis.
C blomme, sampioene. (1)

1.9 Wat was Luitenant-kolonel Miller se besigheid? (1)

1.10 Noem TWEE dinge wat Dolly die dolfyn so besonders gemaak het. (2)

1.11 Hoekom,dink jy, het die Britse koningsgesin die slangpark besoek? Gee EEN rede. (1)

1.12 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur 'n woord uit paragraaf 8 aan te haal.

EcoleBooks

Daar is nie nog 'n sentrum in Suid-Afrika soos die Boardwalk nie. (2)

1.13 Na watter bekende president is die stad vernoem? (1)

1.14 Verduidelik wat met 'tweetalige universiteit' bedoel word. (1)

1.15 Watter aktiwiteit in Port Elizabeth sal jy in belangstel en sê waarom? (1)

1.16 Noem EEN ding, wat nie in die teks genoem word nie, wat jy dink Port Elizabeth aanlokliker kan maak. Sê waarom. (1)

[24]

TEKS B: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Aqua Marine Gastehuis ★★★
Winteraanbod 20% af

Kry 20% af. Geldig vanaf 24 Apr 2019 tot 31 Aug 2019

Vanaf ~~R720~~ **R576** per nag (vir 2 mense)

Aanvaar aanlynbetaling deur LekkeSlaap.co.za

mastercard VISA

Akkommodasie-besonderhede

Soort: Gastehuis
Adres: La Roche-rylaan 27, Humewood, Port Elizabeth, 6013, Oos-Kaap

Alle Ouderdomme Welkom
Kenmerke:
- Swembad
- Braaiplek
- Gratis WiFi

ÉcoleBooks

[Verwerk en aangepas uit www.lekkeslaap.co.za. Toegang op 26 Augustus verkry.]

1.17 In watter woonbuurt is die gastehuis? (1)

1.18 Wat bied die gastehuis verniet aan? (1)

1.19 Waarom is die volgende stelling VALS?

Die gastehuis is net vir ouer mense beskikbaar.

Motiveer met DRIE AGTEREENVOLGENDE WOORDE. (1)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

1.20 Waarom sal jy nie dieselfde prys betaal as jy Desembervakansie daar wil gaan bly nie? (1)

1.21 Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord.

Om vir jou verblyf te betaal, moet dit by die gastehuis gedoen word. (2)
[6]

TOTAAL AFDELING A: 30

ÉcoleBooks

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die teks oor **plekke rondom Port Elizabeth wat besoek kan word**, aandagtig deur. Maak dan 'n opsomming wat gebruik kan word as 'n **toerplan** om aan toeriste te gee. Jy moet duidelik beskryf **wat 'n toeris by elke plek kan doen/verwag.**

INSTRUKSIES

- Jou opsomming moet 60 woorde lank wees.
- Skryf in volsinne en nommer jou aktiwiteite 1–7.
- Tel jou woorde en plaas dit tussen hakies onderaan jou opsomming.
- Gebruik die aanhangsel wat agter die vraestel voorkom. Skeur die bladsy af en kram dit aan jou ANTWOORDEBOEK.

INTERESSANTE PLEKKE RONDOM PORT ELIZABETH OM TE BESOEK

Daar waar drie hoofpaaie bymekaar kom, sal jy die moeder van alle padstalle in die Oos-Kaap vind. Dis hier by Nanaga, waar moeë reisigers kan bene rek en iets eet vir die reis wat voorlê. Lynn Lake het die padstal begin om vars pynappelsap en groente te verkoop. Later het Nanaga se gewilde pasteitjies gekom – gevolg deur die ewe gewilde roosterkoeke. Daar word jaarliks 40 000 pasteie verkoop. Vir baie is dit die plek om te ontbyt.

Die derde grootste nasionale park in Suid-Afrika is die Addo-Olifantpark naby Port Elizabeth. Die Park het 700 olifante, leeus, buffels, renosters, luiperds en 'n verskeidenheid boksoorte. Toeriste kan op 'n twee-dag safari gaan en hierdie diere besigtig. Die park is langs die pragtige Sondagsrivier geleë waarop watersport aangebied word.

Die Skulpie-museum in Jeffreysbaai is 'n moet om te besoek. Daar word 600 tipes skulpe in glaskabinette uitgestal. Plaaslike skulpe en skulpie kunswerke kan ook daar gekoop word. Elke jaar kan die vaart van die walvisse en dolfyne vanaf die koue Antarktika na die warmer water in Jeffreysbaai besigtig word. Dit is tussen Junie en Desembermaande. Baie gastehuise en restaurante is so gebou dat toeriste deur vensters na die walvisse en dolfyne in die see kan kyk.

Vir die toeris wat van kultuuraktiwiteite hou, is daar die Grahamstadfees. Die Nasionale Kunstefees word gedurende Julieskoolvakansie aangebied. Die "spooktoer" om 24:00 na die grafstene in die tuine van die 48 kerke is baie gewild en word jaarliks deur duisende besoek.

Besoekers aan die Baai kan gerus hierdie plekke buite Port Elizabeth besoek.

[Verwerk en aangepas uit verskeie bronne.]

TOTAAL AFDELING B: 10

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

TEKS C

[Verwerk uit www.google.com. Toegang op 26 Augustus verkry.]

3.1 Die advertensie manipuleer die leser om … te koop. (1)

3.2 Wie is die TEIKENmark van die advertensie? (1)

3.3 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord. (1)

Die meisie swaai (hoog) as haar vriendin.

3.4 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Xeroderm sonskerm bevat geen (geur + middels) nie. (1)

3.5 Skryf die sin oor in die LYDENDE vorm.

Begin met die onderstreepte gedeelte.

Die kinders gebruik <u>Xeroderm sonskerm</u>. (2)

3.6 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Ma sê: "My kinders moet Xeroderm sonskerm gebruik". (2)

3.7 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in. (1)

'n Mens moet na … vel kyk.

3.8 Skryf die AFKORTING voluit.

Jy kan ook 500 **mℓ** sonskerm kry. (1)

[10]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 4: PRENT

TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

[Verwerk en aangepas uit www.nalibali.org. Toegang op 26 Augustus verkry.]

EcoleBooks

4.1 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

Jy moet die (reg) pad kies om by Hobiestrand te kom. (1)

4.2 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Daar is twee (boot) op die see. (1)

4.3 Gee die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Neo hou baie van stories met (interressant/ interessante) karakters. (1)

4.4 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Ouma het vir haar kleinkinders 'n storie gelees. (1)

4.5 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Hulle sien nie die boot (…) hulle nie. (1)

4.6 Voltooi die volgende VERGELYKING.

Die water is so blou soos die (…). (1)

4.7 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE vorm.

Was iemand by Hobiestrand?

Begin so:

Nee, … (2)

4.8 Gebruik die HOMOFOON van **hard** in 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

Die bank waarop hulle sit, is hard. (1)

4.9 Verbeter die SPELFOUT in die sin.

Die wereld is 'n beter plek as almal lees. (1)
[10]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 5: ARTIKEL

Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.

TEKS E

- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Lees die artikel en beantwoord die vrae.

NANAGA-PADSTAL, ALEXANDRIA

(5.1) Nanaga is 'n instelling. Dit bestaan al 43 (5.2) (jare/jaar). Die (5.3) (padstal) was eers 'n klein (5.4) (wit) geboutjie langs die (5.5) Grahamstad en Port Elizabeth pad. (1.6) Die plek het sy eie vulstasie.

Die een ding wat nog nie verander het nie, is hoe (5.7) (gewild) hulle pasteie en roosterkoeke is. Pasteie kos R20 of (5.8) (een honderd) rand vir 'n gesinsgrootte pastei. Vir 'n (5.9) (gewone) roosterkoek betaal jy R6. Alles kry jy in die (5.10) (vriendelik) restaurant. (5.11) Jy kan deeg koop. Jy kan jou eie roosterkoeke bak. (5.12) (Elke dag) is daar roosterkoeke met eksotiese vulsels beskikbaar.

Dave het gedink dit is (5.13) (nie moontlik nie) om eksotiese vulsels by 'n gewone restaurant te kry. (5.14) Hy sê dat jy by Nanaga moet stop om roosterkoeke te geniet. (5.15) Dave het oral na heerlike pasteie en roosterkoeke gesoek.

ÉcoleBooks

(5.16) Motoriste moet geduldig wees as hulle met (5.17) vakansie is. Hulle sê as jy Nanaga besoek sal jy nie 'n kat in die (5.18) …koop nie.

[Verwerk en aangepas uit *WEG*, April 2019]

5.1 Verander die STELSIN na 'n VRAAGSIN. (1)

Nanaga is 'n instelling.

5.2 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Dit bestaan al 43 (jare / jaar). (1)

5.3 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies.

Die (padstal) was eers 'n klein gebou. (1)

5.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

… 'n klein (wit) geboutjie … (1)

5.5 Kies die korrekte SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die woord tussen hakies.

Grahamstad en Port Elizabeth is (eiename / soortname). (1)

5.6 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die plek het sy eie vulstasie. (1)

5.7 Gee die SINONIEM van die woord tussen hakies.

Die pasteie en roosterkoeke is baie (gewild). (1)

5.8 Skryf die TELWOORD in die sin neer.

Gesinsgrootte pastei kos een honderd rand. (1)

5.9 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Vir ’n (gewone) roosterbrood betaal jy R6. (1)

5.10 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Alles kry jy in die (vriendelik) restaurant. (1)

5.11 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Jy kan deeg koop. Jy kan jou eie roosterkoeke bak. (sodat) (2)

5.12 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

(Elke dag) is daar roosterkoeke beskikbaar. (1)

5.13 Gebruik EEN WOORD vir die woorde tussen hakies deur ’n VOORVOEGSEL by te voeg.

Dave het gedink dit is (nie moontlik nie) om eksotiese vulsels te kry. (1)

5.14 Skryf die volgende sin in die DIREKTE REDE.

Hy sê dat jy by Nanaga moet stop om heerlike roosterkoeke te geniet. (2)

5.15 Skryf die sin in die INFINITIEF.

Motoriste moet geduldig wees.

Begin so: Motoriste behoort … (1)

5.16 Skryf die volgende sin oor en rangskik die gedeelte in hakies in die KORREKTE woordorde.

Dave gaan koop (pasteie / by die padstal / elke dag). (1)

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

5.17 Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Hulle is met (vakansie). (1)

5.18 Kies die korrekte woord tussen hakies om die IDIOOM te voltooi.

As jy Nanaga besoek sal jy nie ’n kat in die (sak/maandjie/winkel) koop nie. (1)
[20]

TOTAAL AFDELING C (40 ÷ 2): 20
GROOTTOTAAL: 60

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Maak gebruik van onderstaande AANHANGSEL om jou opsomming te voltooi.

(Skeur af en handig in)

VRAAG 2.1

INTERESSANTE PLEKKE RONDOM PORT ELIZABETH OM TE BESOEK

TOERPROGRAM	
PLEK	**AKTIWITEITE: (Wat jy kan doen)**
	1.
	2.
	3.
	4.
	5.
	6.
	7.

(Getal woorde:)

TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM